

Gauteng SA Boerperd Voorsitter Verslag vir Termyn 2014-2015

Ek het oorgeneem as voorsitter van die Gauteng Boerperd klub gedurende Mei 2015 na die einde van die termyn van Carel Meintjies. Graag wil ek namens die Klub aan Carel ons opregte dank uitspreek vir sy leiding en tyd wat hy aan ons Klub gegee het. Carel gaan steeds betrokke bly in die struktuur van die Klub en ons is dankbaar daarvoor.

Die aktiwiteite van die klub gedurende die tydperk November 2014 tot en met September 2015 is as volg:

- **Horse of the Year:**
 - Die skou het plaasgevind van die 20 tot en met die 22de Februarie.
 - Dit is een van die min geleenthede wat oor is waartydens die Boerperd kampioen kan kompeteer met de kampioene van ander rasse en ons werklik ons standarde kan meet teen ander rasse.
 - Ek wil graag vir Heleen Pope bedank vir al haar reelings gedurende die skou. Dit is duidelik dat sy jare se ondervinding het met die reel van hierdie en ander skoue.
 - Ons beoordelaar was Lucinda Beukes wat bygestaan is deur Judith McCleod as baanbeamte wat hulle beide goed van hulle taak gekwyt het.
 - Die volgende hoogtepunte vir die Boerperde was as volg:
 - Ryno van Reenen en Paardekop Toffie het ons verteenwoordig in die Supreme Kampioenryperd.
 - B3 Koraal het in die enkeltuig kampioenskap n 1ste plek verower, voorwaar 'n fantastiese prestasie. Geluk Linda jy het ons ras se naam hoog gehou.
 - Kristen Joubert en Rooigras Gina het ons verteenwoordig in die Veelsydige werksperd.
 - Carel-Hancke Sarita, Carel-Hancke Singita en Rooigras Style was die in hand perde wat ons deurgestuur het waarvan Carel-Hancke Sarita geplaas het in die Supreme Kampioenskappe.
 - Amanda van der Westhuizen met Hoefstraat Storm het ons verteenwoordig in die Working Hunter Klas.

- **Keuringstoer vir merries en reuns en Hingskeuring**
 - Plaas gevind van die 17de tot die 18de Junie 2015
 - Mnr Lomon Terblanche, Frans Burger en Elmie Davel het die keuring gedoen
 - Daar was 8 hingste vir die Hingskeuring waarvan 5 gekeur is. Meneer Frikkie Combrink het as keurder aangesluit vir die Hingskeuring.
 - Dit was 'n aangename dag met heelwat buitemense wat die keuring mee gemaak het.

- **Klubvergadering (AJV) Mei 2015**

- Reelings vir die Gauteng streekskampioenskappe en keuringstoer is gedurende hierdie vergadering bespreek word.
- Die nuwe SAEF struktuur is in diepte bespreek onder leiding van Mnr Jan Joubert
- Die jaareinde van die klub is verander om saam met die van die Genootskap te val
- Die nuwe bestuur verkies is as volg:
 - Voorsitter en Finansies – Jan Joubert
 - Onder Voorsitter – Heleen Pope
 - Sekretaresse – Berta Dorfling
 - Keurings – Barend Dorfling
 - Media en Bemarking – Dr. Petro Grove
 - Addisionele lid – Carel Meintjies

- **Gauteng Streekskampioenskap te Misty Meadows**

- Die beoordelaars vir die skou was:
 - Tradisioneel – Mev Bee Esterhuize
 - Universeel – Mnr Sidney Kidson

Die program was byna identies dieselfde as die Nasionale Kampioene.

Die skou gronde van Misty Meadows het weereens gewys dat dit 'n puik fasiliteit is vir skoue

Daar was 87 perde met 462 inskrywings daar was 33 Telers en eienaars.